# WAMAKERSVALLEI : GESKIEDENISPROJEK

deur

J J Joubert

(Projekleier) — Onderwyskollege Wellington

Die kompetisie vir leerlinge uit die Wellington-omgewing, bevorder 'n besliste betrokkenheid van dié jeug by die dorp se geskiedenis.

Reeds met die kompetisie van twee jaar gelede het die bekende prof. Bun Booyens gesê dat Wellington een van die S A dorpe is wat oor die rykste geskiedenis beskik en dat dit nog geensins ontgin is nie.

Die Junior Rapportryerskorps van Wellington, in samewerking met die Wes-Kaapse streekkantoor van die departement van Kultuursake, bied die kompetisie aan.

**DOEL:** Bevordering van die geskiedenis van Wellington en omgewing.

**DOELWITTE:**

1) Om die geskiedenis van Wellington na te vors en dan te rekonstrueer;
2) Om leerlinge bewus te maak van die geskiedenis van hul dorp;
3) Om die primêre, asook die junior sekondêre leerlinge te betrek;
4) Om die vak geskiedenis te bevorder;
5) Om spanwerk aan te moedig;
6) Om die Wellingtonmuseum aan die leerlinge bekend te stel.

SPANNE bestaan uit twee lede.

**AFDELINGS:**

1) Junior Afdeling: St. 2 tot 5
2) Senior Afdeling: St. 6 tot 8
3) VASVRA: Ope (St. 5 tot 8)

**OPDRAG:**

Elke span moet die geskiedenis van hulle onderwerp navors, dit rekonstrueer en daarna aanbied vir beoordeling. Die projek word nà die evaluering die eiendom van die museum.

Die vorm waarin die projek aangebied word, kan eerstens net in die vorm van 'n geskrewe opstel en model wees. Die waarde van die inskrywing word verhoog as projek toegelig word deur illustrasies, kaarte, diagramme, foto's en sketse. Die opstel moet 'n juiste en korrekte weergawe van die beskikbare gegewens wees. 'n Lys van geraadpleegde bronne moet die opstel vergesel. Leerlinge word bewusgemaak van die belang van oorspronklike werk en word ook aangemoedig dat gepoog word om persone, wat tans nog lewe en van hierdie gebeurtenis meegemaak het, vir inligting te nader.

**PRYSE**

1) Wisseltrofeë vir die skool van die wenspan (Geelhout-ossewa)
2) 'n Kontantbedrag van R50 vir die wenspan in elke afdeling
3) Hoogstens drie pryse vir verdienstelike werk (R20 elk)
4) Vasvrawenners (R100)
   Tweede R50)

**ONDERWERPE**

JUNIOR AFDELING

1) Wellington – Die afgelope eeu.
2) Die storie van die Goodnowsaal.
3) Dr. A. Murray.

**SENIOR AFDELING**

1) Kerkgeskiedenis van Wellington (Moslem, AGS, NG. ens.)
2) Wellington – Krieketklub, 1874 – 1985.
3) Die gebruik van plaasimplemente in Wamakersvallei, 1800 – 1900.

VASVRA

"Die geskiedenis van die Huguenot Seminary, 1874 – 1898".
Voorgeskrewe bronne:

1) Ferguson, G.P.: *The Builders of Huguenot*, pp.1-93.
2) Rosseau, F.M.: *Die Hugenote-Inrigtings op Wellington*, pp.1-41.
3) Joubert, J.J.: *Goodnow Hall*, 1886.

Meer as 'n honderd leerlinge is betrek by die 15 senior en 20 junior inskrywings vir die kompetisie. Die hoë gehalte van die inskrywings het die beoordeling baie bemoeilik.

Belangrike bydraes is dan ook vanjaar gelewer. In een van die projekte is 'n foto van 'n ploeg uit die 18de eeu in James Walton se boek, Homestead and Villages of S.A., gebruik. 'n Fotostaat van die ploeg stel nou die museumkundiges op Wellington in staat om dit teen 'n muur in die museum te projekteer waar dele van sowat 'n kwart van dieselfde ploeg staan. Hulle kon nou vir die eerste keer sien hoe die dele inmekaar pas.

In die senior afdeling is Elri Basson en Eska Ferreira met hul baanbrekerswerk oor die dorp se Moslems, as wenners aangewys. Benewens hul navorsing by verskeie moskees, is ook pragtige visuele materiaal ingesluit. Hierdie bydrae is tans 'n redelike gesaghebbende werk op die dorp.

Debbie Robertson en Linday Zoutendyk het ook 'n onbekende terrein betree met hul werk oor die plaaslike Presbiteriaanse kerk. Dit het uit hul projek geblyk dat James Harvis, die eerste Rektor van die destydse "Teachers College", ook as die eerste skriba van genoemde kerk opgetree het. Laurette Ras het met beperkte bronne tot haar beskikking, 'n uitstekende stuk werk saamgestel oor die N.G. Kerk op die dorp, waarvoor sy o.a. die Distrik Rekord boek deurgewerk het.

In die junior afdeling was Surica van Zyl, Juanita van Wyk en Aneria Cronje die wenners met hul verfrissende taak oor die Goodnowsaal.

By die prysuitdelingsgeleentheid is die baie spannende en opwindende vasvrawedstryd voor die gaste afgehandel. Vyf geesdriftige spanne van die Hugenote Hoërskool het hieraan deelgeneem. Die sowat tweehonderd vrae wat tydens hierdie vasvra gebruik is, is deur 'n groep van WOK se geskiedenisstudente opgestel. Die wenners was Annalie Jordaan en Pieter van Santen.

Geskiedenis is nie alleen wat gebeur het nie, maar ook die verhaal van wat gebeur het. Die basis vir geskiedenis moet dan geskiedskrywing wees. Die speurwerk wat hiervoor vereis word, moet deur die leerlinge self soos tydens hierdie projek gedoen word.

Deur die projek word die beginsel, dat die uniekheid van elke plek, dorp of stad, 'n saak is waarmee die Geskiedenisonderwysers nie genoegsaam rekening hou nie, onderstreep. Plaaslike geskiedenis berus op waarneming; dus op dit wat die aanskouer persoonlik kan aanvaar. Hy leef elke dag daarmee saam, en moet net bewus gemaak word van die rykdom van die verlede in sy omgewing. Juis in hierdie opsig maak hierdie projek leerlinge bewus van die feit dat die verlede leef op Wellington. Pestalozzi het reeds daarop gewys dat aanskouing die grondslag van alle denke is.

Hierdie projek verlewendig die verlede en daarom lei dit tans in die dorp tot groter belangstelling in die vak.